UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
3 - DEC 1964
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**I.M.S.**
Vol. I, No. 58

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

23rd October, 1964.

## THE PROVINCIAL LIBRARY SERVICE

After a long period of deliberation and discussion with the Provincial authorities the Council has now decided to join the Provincial Library Service. The present Public Library will accordingly cease to exist in it's present form and the so-called free library system will come into operation from the 1st January, 1965.

While the service will be free to the general public, the Council will have to foot a bill of some magnitude. Our total annual commitments are estimated at about R9,000. It is felt that the expenditure will be more than justified in view of the many advantages, such as a much greater choice of books, which the service offers.

A Sub-Committee consisting of Prof. J. C. de Wet (Chairman) and Mrs. S. Roux and Mr. J. Uys has been appointed to finalise matters with the Administration and report back to the Council.

## ELECTRICITY UNDERTAKING

We would like to recall the fact that just fifty years ago electricity was installed in Stellenbosch, then still much more of a quiet country town. A diesel generating plant capable of developing 100 horse power was installed. The distribution network covered an area defined by Merriman Avenue, Bird Street, Market Street, Herold Street, Dorp Street, The Avenue, Marais Street and Victoria Road. One hundred and fifty consumers were connected to this network which supplied them with current for the lighting of dwellings, offices and shops. Within the area a measure of street lighting was provided which replaced the ancient paraffin lanterns on the old fashioned lamp poles which can be seen on photos of streets of those days. A few years later electricity was also supplied to the Victoria College block and a number of hostels, namely Wilgenhof, Greylock, Tertia, Quarta as well as the Boys' High School and the Bloemhof Girls' School.

The demand for electricity increased so rapidly that in about five year's time, in 1920, a further one hundred horse-

power diesel set and generator were put into operation, but this extra unit was still not sufficient for the demand so that the then Electrical Engineer, the late Dr. E. J. Hamlin, carried out extensions to the generating plant by installing two further diesels, together developing three hundred horsepower. By 1924 the distribution system was also extended and by that time the number of consumers had increased to five hundred. The Victoria College was given University status and new buildings for educational as well as residential purposes were erected. The distribution network then covered the complete old town area and with the introduction and the growing popularity of electrical appliances the existing plant in spite of all the extensions was hopelessly inadequate. Instead of continually extending the existing plant, Council decided in 1928 to link up with Escom, and the diesel plant was scrapped. By 1945 the demand had further increased to such an extent that a new switchboard had to be commissioned which it was hoped would be capable of taking the steadily increasing load for years to come, but by 1958 it had become necessary to change over completely from a 3300 volt to an 11000 volts distribution network and this was completed in 1962.

There are at present 3,200 consumers and where it took one meter reader five days in 1925 it now takes three meter readers 22 days to complete the routine monthly work. The following statistics indicate the growth of the undertaking:

| | |
|---|---|
| **Units generated** | |
| 1920 | 520,000 |
| **Units purchased from Escom** | |
| 1930 | 713,400 |
| 1940 | 2,860,000 |
| 1950 | 12,340,000 |
| 1960 | 25,203,000 |
| 1964 | 29,960,000 |

The staff on whom the responsibility rests consists of ten men. The present Electrical Engineer and the Assistant Electrical Engineer gained their initial experience here as apprentices in 1923 and 1945 respectively.

Many installations have been in use for a long time and everything possible is done to obviate defects which might be a source of danger to the consumers.

The demand for electricity is still growing steadily.

---

30 Oktober 1964.

**SAAMTREK VAN DIE JEUGBRIGADE VAN DIE N.G. SENDINGKERK**

Op 10 Oktober het die Jeugbrigade 'n groot dril- en orkeskompetisie op die voetbalgronde in Idasvallei gehou. Etlike hon-

derde jong mense uit 'n groot aantal Bolandse dorpe was vir die geleentheid bymekaar en die aanhoudende reën kon nie die geesdrif wat daar geheers het, demp nie. Die wedywering vir die sowat dertig bekers was dan ook besonder groot. Ons wil graag die werk wat deur hierdie Jeugbrigade vir die kulturele en geestelike opheffing van ons Kleurlingjongmense gedoen word, loof en aanprys. Veral wil ons ook hulde bring aan mnr. Flowers, die Hoofkommandant van die Jeugbrigade, wat alreeds meer as dertig jaar aan die beweging verbonde is. In die loop van die middag het die onlangs gestigte S.A. Kleurlingkorps 'n drilvertoning gegee onder bevel van Kommandant Bredenkamp, en dit het besondere byval by die groot aantal toeskouers gevind. Die vlagstrykingseremonie was besonder indrukwekkend. Aan die einde van die verrigtinge het die Kleurlingkorps vir oulaas verby marsjeer en het die Burgemeester die voorreg gehad om die saluut daar te neem.

**STADSBEPLANNING**

Ek bied geen verskoning aan vir die feit dat ek weer die kwessie van stadsbeplanning ophaal nie. Dit is 'n probleem wat die gedurige aandag van die Raad vereis veral in 'n ou dorp soos Stellenbosch wat die afgelope jare groot ontwikkelings op residensiële en sakegebied ondervind het. Die daarstelling van nuwe woongebiede soos Karindal, Simonswyk, ens. bring gewoonlik geen besondere probleme mee nie omdat daar volgens voorafbepaalde reëls gehandel word — minimum grootte van erwe, gebruiksregte van die persele, ens. So bv. word geen woonstelgeboue in die genoemde en ander gebiede toegelaat nie en almal weet dit ook. Dieselfde geld ook vir die kwessie van besigheidsregte.

In die ouer dele van ons dorp is die posisie egter anders. Daar vind ons dikwels dat persele wel woonstel en/of besigheidsregte besit en dat die Raad gedwonge voel om die posisie te eerbiedig. Wat die saak hier egter dikwels besonder moeilik maak, is die feit dat (a) die strate in die bepaalde omgewing baie nou is en (b) die betrokke persele wat oor die regte besit betreklik klein is.

As die eienaars in hierdie gebiede sou toegelaat word om hulle regte onbeheerd uit te oefen, deur die oprigting van woonsteleenhede wat nie deeglik rekening hou met die grootte van die persele en die beskikbare parkeerruimtes nie, sou onmoontlike toestande geskep word wat ons dorp nie tot eer sou strek nie. Daar moet altyd ten opsigte van elke perseel 'n balans gevind word tussen beboude oppervlakte en oop ruimtes met die voorsiening daarby van 'n sekere minimum aantal parkeereenhede.

Dit is sommige van die oorwegings waardeur die Raad gelei is toe hy onlangs sekere belangrike besluite in verband met

stadsbeplanning geneem het. Terwyl ons die eienaars van persele nie wil verhinder om hulle regte uit te oefen nie, is dit nodig dat sekere beheermaatreëls toegepas en minimum-vereistes neergelê word.

Eerstens is daar besluit dat daar op die terrein van 'n woonstelgebou in die toekoms ten minste een parkeerruimte vir elke woonstel voorsien moet word. Die grondverdieping van 'n woonstelgebou kan vir parkeerdoeleindes aangewend word sonder dat dit vir „bulk" doeleindes as 'n verdieping sal tel. Dit word gedoen om soveel as moontlik van die terrein van 'n woonstelgebou as oop terrein te hou.

Tweedens het die Raad besluit om die onderstaande voorstelle wat betref erfgroottes, grondbedekking, hoogte, ens. t.o.v. persele wat woonstelregte besit, vir die oorweging en goedkeuring aan die Provinsiale Administrasie voor te lê.

| Perseel-grootte | Bulk | Grondbe-dekking | Hoogte | Boulyne |
|---|---|---|---|---|
| 10,000—15,000 vk. vt. | 40% | 25% | 2 verdiepings. | 15' alle grense. |
| 15,000—20,000 vk. vt. | 50% | 25% | 3 verdiepings. | 15' minimum of 50% van gebou se hoogte |
| 20,000 vk. vt. + | 75% | 25% | geen perk | 15' minimum of 50% van gebou se hoogte |

Ek wil hier byvoeg dat die Raad dit op een stadium oorweeg het om 'n minimum-vereiste van 20,000 vk. vt. erfgrootte deurgaans vir woonstelle te stel, maar na verdere beraadslaging, het hy ingestem om die huidige vereiste van 10,000 vk. vt. te handhaaf, maar om dan minder vloerspasie toe te laat om te verhoed dat daar 'n te groot bevolkingsdigtheid ontstaan in gebiede waar die nou strate nie die daarmee gepaardgaande verkeer kan dra nie.

**„GUY FAWKES"-DAG**

Die Brandweersuperintendent het my gevra om 'n beroep op die publiek te doen om baie versigtig te wees met die afskiet van vuurwerke op Guy Fawkes dag. Dit behoort slegs gedoen te word waar geen brandgevaar bestaan nie sowel binne as buite die dorp. Die Superintendent het in gedagte nie slegs klappers nie, maar ook vuurpyle wat dikwels nog brand nadat hulle geval het.

**BEGROTING VIR 1965**

Ek bepaal die aandag van die publiek op die feit dat die Raad op 'n vergadering wat op 17 November gehou sal word, die begroting vir 1965 sal bespreek.

Graag wil ons die publiek uitnooi om hierdie vergadering by te woon en sodoende meer van die finansies van ons dorp te verneem. Die Voorsitter van Finansies gee by daardie geleentheid gewoonlik 'n algemene oorsig van die geldsake van ons dorp wat vir elke belastingbetaler van groot belang sal wees.

---

6th November, 1964

**PREVENTION OF FIRES**

Due probably to the mild climate and intermittent rains, no veld and other fires of any importance have so far occured in and around our town. Conditions will probably change in the near future and it is therefore opportune to draw attention to the regulations which require owners of vacant plots and uncultivated land to remove all combustible growth and other material which may represent a fire hazard. Apart from this I would like to appeal to the public to exercise the greatest care on occasions when fires are lit for picnics and other similar occasions.

**THE ANIMAL WELFARE SOCIETY**

In the issue of "Eikestadnuus" of the 30th October 1964, mention was made of the annual meeting of the Society which was held on the 26th October 1964. I was priveleged to attend the meeting which took place at Oude Molen by courtesy of the proprietors. Apart from the fact that aniimal welfare work is acknowledged by all — there are few human beings who have no love for animals or who do not react violently to any cruelty towards them — I would nevertheless like to express my particular appreciation of what the Society stands for and achieves.

The report of the Chairman, Mr. Peter Barlow, contains some gratifying statements, for instance that the work over the last year was perhaps the most successful since the Society began operations in Stellenbosch and that its activities have now extended throughout the Stellenbosch district and beyond.

Mr. B. D. Cronje, well remembered in the Municipality, is now working full time for the Society which is fortunate in having the services of this veteran champion of the cause of protection of animals. It is also fortunate to have so enthusiastic a man as Dr. Maree on its side. We may be confident that all animals will be treated kindly and, as the Chairman said in his report, the vast majority of animals that have to be destroyed are beyond hope owing to neglect, disease or old age. I often think of what it must mean to stray animals to find a home where they have food, kindness

and company. The people who are associated with the Society are dedicated to a very fine cause indeed and I hope that their efforts will be supported by an ever growing number of Stellenbosch residents.

**ABATTOIRS**

I referred recently to the Report of the Abattoirs Commission which came to hand some months ago, and pointed out that our plans for a new Abattoir will have to be examined in the light of the recommendations of the Commission.

Since then we have had occasion to discuss the problem with Mr. C. J. Roelofse who is a member of the Meat Control Board and who also has interests in the meat trade.

From the point of view of Stellenbosch the most important issue will undoubtedly be the question whether we should proceed with our own local Abattoir or join other neighbouring local authorities in establishing a regional scheme. The Council will debate this matter at its next meeting and we sincerely hope that clarity will be obtained about the course which we should follow.

---

13 November 1964.

**VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BESTUUR VAN DIE KAAPLANDSE MUNISIPALE VERENIGING**

Die Bestuur hou vanaf Woensdag, 11 November sy halfjaarlikse vergadering op Upington en die Adjunk-Stadsklerk, mnr. F. W. Pohl, en ek sal vir die doel daarheen reis.

So 'n vergadering gaan nogal met heelwat ongerief gepaard vir die meer as 20 lede van die Bestuur wat uit alle dele van die Provinsie afkomstig is. Dit is egter goed dat 'n mens die geleentheid kry om die Noordweste van nader te beskou, veral as jy nog nooit tevore daar was nie. Die oningewyde is dikwels geneig om aan daardie deel van ons land as 'n dorre onontwikkelde gebied te dink, en dit terwyl hierdie streek die afgelope jare juis groot vooruitgang gemaak het en ook nog baie belofte inhou vir die toekoms.

'n Verskeidenheid van onderwerpe sal by die geleentheid behandel word. Daar sal hopelik later geleentheid wees om iets oor die een of ander te berig.

**WES-KAAPLANDSE KOMITEE INSAKE TOERISME**

Op Woensdag, 18 November hou hierdie Komitee sy eerste vergadering en wel op Stellenbosch. Daar sal onthou word dat die Departement van Toerisme die inisiatief geneem het vir die instelling van provinsiale komitees vir die bevordering van toerisme. Die Kaaplandse Komitee het op sy beurt die Kaapprovinsie in ses streke verdeel en elkeen van hierdie

streekskomitees sal sake in verband met publisiteit en die ontwikkeling van die toeristeverkeer binne sy gebied behartig en bevorder.

Die Wes-Kaaplandse Komitee bestaan uit sowat twintig lede wat uit plekke sover as Montagu, Bredasdorp, Clanwilliam en Velddrif afkomstig is.

**BEGROTING VIR 1965**

Graag herhaal ek die uitnodiging wat ek in die rubriek van 31 Oktober 1964 aan die belastingbetalers en stemgeregtigdes gerig het om die vergadering op 17 deser waar die begroting vir die jaar 1965 bespreek word, by te woon. Vir almal wat in die finansiële posisie van die Munisipaliteit belangstel, behoort dit belangrik te wees om sover moontlik op hoogte van sake te wees en die uiteensetting wat die Voorsitter van Finansies gee sal heelwat inligting verskaf.

**DR. G. D. REITZ**

Dr. G. D. Reitz, ons Mediese Gesondheidsbeampte, het besluit om die tuig neer te lê.

In die jaar 1925 het dr. Reitz wyle dr. Neethling in dié hoedanigheid opgevolg onder heel ander toestande as wat daar vandag heers. Al plek waar lyers van aansteeklike siektes gehuisves kon word, was in die sogenaamde „Lasaretto" in die vlakte. Vir die wat die plek geken het, is dit vandag onmoontlik om te besef dat daar tot sewentien pasiënte gehuisves was. Baie van hulle was hopeloos siek, maar al kon hulle nie meer genees word nie, het hul tog 'n plek gehad waar hulle so goed moontlik opgepas en gevoed kon word. In sy toesig oor hierdie uiters primitiewe inrigting is dr. Reitz getrou bygestaan deur wyle verpleegster Leppan, destyds alombekend in die dorp. Sy weer het gesteun op 'n Kleurlingvrou Hannie wat kos gemaak het en die verpleging behartig het. Hier het dr. Reitz 'n tracheotomie op die kombuistafel uitgevoer.

Die dorp het egter in die rigting van die „Lasaretto" uitgebrei en toe het die besware hierteen begin kom. Die Raad het ook besef dat verbetering nodig was en onder die Burgemeesterskap van wyle dr. D. F. du Toit is na lang ondersoek en onder leiding van dr. Reitz die Sanatoriumgebou ingewy. Wyle mnr. W. A. Krige het hom baie beywer vir die keuse van die terrein waar die Sanatorium uiteindelik opgerig is.

Dr. Reitz herinner hom goed aan hierdie dae en die eerste jare van die Sanatorium met wyle mev. Schenck as die eerste matrone. Die Sanatorium het 'n operasiesaal waar dr. Reitz gemiddeld twee operasies per week uitgevoer het, party heel ernstige, op pasiënte wat weens die aard van hulle siektes nie in 'n algemene hospitaal opgeneem kon word nie.

Pasiënte het van Worcester, Wellington, Ceres en die

Strand gekom, maar toestande het baie verander. Ander dorpe het hulle eie aansteeklike siekte-hospitale gekry, ten volle toegerus vir enige operasies, en dis vanselfsprekend dat die Sanatorium algaande hoofsaaklik in die plaaslike behoeftes voorsien het. Dr. Reitz was sestien jaar Superintendent van die Sanatorium.

Ek voel oortuig dat dr. Reitz met tevredenheid en trots kan terugdink aan sy dienstyd en die welslae van sy werk. Gedurende al die jare het hy nie een dag siekteverlof gevra nie.

Daar was nooit enige epidemie van aansteeklike siektes nie. In verhouding met die groei van die bevolking het aansteeklike siektes afgeneem en dr. Reitz voel dat die gesondheidstoestande in die dorp as geheel bevredigend is. Onvermoeid het hy die immunisasie van die bevolking, veral van die kinders, behartig. Niks was vir hom te veel nie, nog het hy enige spesiale vergoeding hiervoor ontvang. Stellenbosch bied 'n volledige diens aan wat immunisasie betref, en dit is net vir die publiek om daarvan gebruik te maak.

Ek voel dat dr. Reitz die dankbaarheid van alle groepe van ons samelewing verdien vir die uitstekende werk wat hy gedoen het asook vir die gesindheid teenoor sy medemens. Almal wat die voorreg gehad het om hom te ken sal altyd aan hom terugdink en hom onthou vanweë sy prestasies as geneesheer en sy persoonlike hoedanighede, veral sy vriendelikheid, menslikheid en simpatie teenoor sy pasiënte. Namens ons samelewing bedank ek dan dr. Reitz vir wat hy, nie net vir ons dorp nie, maar vir ons hele omgewing beteken het. Ons was besonder gelukkig dat hy ook as geneesheer vir die Afdelingsraad gedien het waar dit nie altyd maklik is om 'n streng grens tussen die stedelike en die landelike gebied te trek nie. Ek wens hom toe nog baie jare van geluk en voorspoed en ek hoop dat hy met aangename herinneringe sal terugdink aan die tyd toe hy aan die Munisipaliteit en sy gesondheidsdienste verbonde was.

**MUSKIETE**

Die Instituut vir Openbare Gesondheid het 'n pamflet opgestel wat die volgende wenke bevat om die muskietplaag te bestry:—

(a) Plekke waar water staan, moet waar moontlik drooggelê en opgevul word;

(b) alle damme, waterstrome, weivelde en vleiagtige plekke moet met 'n goeie larfdodende middel, soos paraffien of ou enjin-olie wat met paraffien verdun is, behandel word;

(c) alle houers wat water kan opvang moet so weggepak of bedek word dat water nie daarin kan beland nie;

(d) inlaatopeninge en uitloop-pype van reënwatertenks moet met gaasdraad met 'n maas van minstens 18 beskut word.

W. C. DEMPSEY.



PRO EC. 11/64—11631